

**21 November**

**1 Petrus 1:13-25**

(Teks: 18,19 + Romeine 5:1-11)

***Jesus Christus het my met sy bloed gekoop***

Jesus het sy bloed vir ons gestort. Dis nog 'n rede waarom ons heilig (vers 11) moet lewe. Hy het my gekoop. Vir my betaal. Daarom is ek God se eiendom. Ja... Jesus Christus het nie 'n paar miljoen rand vir my betaal nie. Nee - baie meer. Meer as die waarde van al die goud en edelstene en aardse rykdom wat bestaan. Hy het 'n ontsettende hoë prys vir my betaal. Die hoogste prys denkbaar. En die prys wat Hy betaal het, is uniek.

Daardie prys is... sy bloed.

Ons weet dat selfs die suiwerste goud uiteindelik tot niet gaan. Maar, Jesus Christus, die Seun van God... Hy leef vir altyd. Wat Hy vir my gedoen het, geld vir altyd. Sy kosbare bloed het my vir altyd van die straf op die sonde - van die ewige hel - gered.

Daarom is ek Syne. Ek behoort aan Hom. Daarom kan en mag ek nie meer maak soos ek goed dink nie. Aan my Eienaar, Jesus Christus, aan Hom alleen moet ek gehoorsaam wees.

Die Israeliete wat destyds uit Egipte getrek het, moes 'n lam sonder gebrek slag en sy bloed aan die huis se deurkosyn smeer. God se engel het daardie huise verbygegaan en die eersgeborenes daar het nie gesterf nie. Die lam se bloed het in hulle plek gevloei. Die Paaslam se bloed het na Christus se bloed gewys. Sy bloed wat gevloei het (vers 19).

Daarom is ek nie bang vir die oordeelsdag nie. Die Lam van God het duur vir my met sy bloed betaal. Die ewige lewe wag op my!

Sing Skrifberyming 24:3

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)